KAAPSE WYNLAND DISTRIKSMUNISIPALITEIT/NEDBANK

NEDBANK

BUSINESS BANKING

ENTREPENEURS-SAAIFONDSPROGRAM 2012/2013

Die Entrepreneurs-saaifondsprogram is deur die KWDM gestig, en nou befonds deur Nedbank, om beperkte skenkings aan KMMO's binne die Distrik te befonds wat saaikapitaal benodig om hulself te vestig en/of om te groei. Befondsing sal meestal die vorm van tasbare skenkings aanneem, byvoorbeeld deur die aankoop van toerusting of voorraad deur die Distriksmunisipaliteit namens die KMMO.

Aansoekvorms

Aansoekvorms is verkrygbaar by enige van die Kaapse Wynland Distrikskantore of op die webtuiste: www.capewinelands.gov.za

Voltooide aansoekvorms moet in die tenderbus by die ontvangsarea by een van die volgende Kaapse Wynland Distrikskantore ingehandig word:

Stellenbosch:	29 du Toitstraat
Worcester:	51 Trappestraat
Montagu:	56 Badstraat
Robertson:	46 Van Reenenstraat
Ceres:	27 Munnikstraat
Paarl:	194 Hoofstraat

Bestuur van die Fonds

Die KWDM sal die Fonds regstreeks deur middel van die Direktoraat: Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling bestuur ingevolge die wet op Munisipale Finansiële Bestuur. Diensvlakooreenkomste sal gesluit word tussen begunstigdes van die Entrepreneurs-saaifonds en die KWDM. Firmas sal verslae op 'n maandelikse basis indien, ingevolge die diensvlakooreenkomste. Waar skenkings in tasbare vorm befonds is, sal die aankope van goedere ingevolge die Voorsieningskanaalbestuursbeleid geskied.

Befondsing: Projekbefondsing tussen R5 000 en R30 000 sal voorsien word.

Navrae

Rig navrae rakende hierdie voorstel aan Prudence January by prudence@capewinelands.gov.za, Nyameka Peacock by nyameka@capewinelands.gov.za, Abigail Appollis by abigail@capewinelands.gov.za of Nozuko Bhobhi by nozuko@capewinelands.gov.za of tel. 086 126-5263.

Sluitingsdatum: 17 Augustus 2012 om 14:00

M MGAJO
MUNISIPALE BESTUURDER
Kaapse Wynland Distriksmunisipaliteit
Alexanderstraat 46
Stellenbosch 7600

KAAPSE WYNLAND DISTRIK
MUNISIPALITEIT • MUNICIPALITY • UMASIPALA